NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

4 Desember 2020: Nr 38/2020

KENNISGEWING

Hierdie is die laaste uitgawe van die ***Verskil*** vir 2020. Die volgende uitgawe sal weer ***22 Januarie 2021*** verskyn. Neem asseblief ook kennis dat die ***Sinodehuis*** op ***15 Desember*** sluit en op ***Januarie 2021*** weer open.

Warm nuus

Uit die pen van ons moderator

Kersfees 2020

Die bekende gedeelte uit 1 Korintiërs 13 bly my by in hierdie tyd:

Geloof, hoop en liefde!

Dit staan teen baie mure in kerkgeboue; ingebrand in katedrale se vensters; hang teen die mure van baie huise.

Vir die gelowige is hierdie meer as bekende woorde. En ons kan elke woord daarvan verklaar: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. (Hebreërs 11:1)*

Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. (1 Petrus 3:15b)

Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. (1 Johannes 4:10)

Die verbyganger lees natuurlik hierdie drie woorde agterstevoor aan die buitekant van die kerkvenster, naamlik

Liefde, hoop en geloof!

Aan die einde van een van die uitdagendste jare in die laaste eeu, is die vraag natuurlik: "Hoe het ons liefde in 2020 sigbaar geword te midde van inperkings en afsondering?" Verder kan ons seker vra: "Watter hoop het ons vir die wêreld gebring in 'n tyd van onsekerheid, pandemie en die agteruitgang van die ekonomiese situasie van duisende mense?" En dan die laaste vraag: "Het ek bly glo?" en het ek ander gehelp om onwrikbaar te bly glo aan die Immanuel God wat by ons is te midde van 'n wêreld wat vra: "Waar is God?"

Kerstyd is 'n besondere tyd van hoop! Dit is 'n tyd van saamwees; familietyd. 'n Tyd om terug te kyk en 'n tyd om vorentoe te kyk.

Hoop vir Kersfees 2020 vind ek in 'n verhaal wat afspeel in April 1012 toe die Titanic binne twee ure sink en 1 500 mense 'n watergraf vind. Die verhaal is baie bekend en een van die aangrypendste gebeure speel af op die dek van die Titanic.

Daar is te min reddingsbote. Die vername en ryk mense het hulle self dit toegeëien om eerste 'n plek te kry om gered te word. Later het die Kaptein aangekondig dat vroue met babatjies plek kan kry op die reddingsbote. Vir een vrou sonder 'n baba, was dit die doodsvonnis.

Toe kom daar 'n man met 'n babatjie in sy arms verby gehardloop. Hy hoor die Kaptein se aankondiging. Skielik verander die vrou se hele lewe toe die man die baba in haar arms gee en sê: "Dit is joune..... hardloop dat jy plek kan kry op die reddingsboot!"

Dit is die hoop wat ek en jy met Kersfees het. Ten spyte van alles wat gebeur het in 2020 – 'n lewensboot in die storms van die rowwe see.....

So het God sy Seun vir ons kom gee…... gegee dat ons HOOP kan hê op die redding wat Hy gebring het!

'n Besondere woord van dank aan elke leraar-kollega, kerkraad en gemeente wat in die uitsonderlike jaar van 2020 steeds geleef en gewerk het met dit wat die verbyganger op die geskilderde glas van die kerk sien:

Liefde, hoop en geloof!!

Daarom bid ek elke lidmaat, kerkraad, gemeente en leraar toe: Mag hierdie Kersfees vir elkeen 'n besondere Christusfees van HOOP wees en mag 2021 'n jaar vol opwinding en nuwe uitdagings wees waarin elkeen die krag en genade van ons Heiland intens beleef!

Dewyk Ungerer
1 Desember 2020

Sinodenuus

❖ Tekslees met 'n verskil

Kontak vir **Fanie Cronjé (083 415 1452)** of **Kobus Myburgh (083 227 7185)** gedurende die "vakansie-tyd" om te verneem of daar byeenkomste gaan wees**.**

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroepe/Bevestigings/Emeritaat

<<< Madelein Bakker [**Hulp en Hoop**] het 'n beroep na Bethlehem-Oos aanvaar. Haar afskeidsdiens is op 6 Desember.

Bernard van Wyk is na **Thabazimbi** beroep. **>>>**

<<< Jan-Mari du Toit het die beroep na **Mootvallei** aanvaar en word op 31 Januarie 2021 bevestig.

Retha Kruidenier het die beroep na **Mootvallei** aanvaar en word op 24 Januarie 2021 bevestig. **>>>**

<<< Zelda Massyn [Rustenburg-Moedergemeente] se man Lamont het 'n nuwe werk aanvaar. Hulle verhuis na Hartbeespoort en sy ontvang op 31 Januarie 2021 demissie.

Christo Janse van Vuuren [Sesmylspruit] emeriteer aan die einde van Januarie 2021. Sy afskeidsdiens is op 31 Januarie 2021. **>>>**

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat gedurende Desember en Januarie verjaar:

02/12 Theo Oosthuyzen [Marikana, 082 388 5002, theo.xplode@gmail.com]
06/12 Abraham van Zyl [Emeritus, 0724358146, mvdm03@gmail.com]
08/12 Nicky Hattingh [Sanddrift, 0827558874, nickyhattingh@gmail.com]
09/12 Henry de la Guerre [Emeritus, 082 313 4345, henryngk@hotmail.com]
11/12 Frans de Beer [Springbokvlakte, 0827794149, ngspringbok@pcwireless.co.za]
12/12 Marius Cornelissen [Emeritus, 0825611820, mariusco@lantic.net]
14/12 Lourens van Deventer [Raslouw, 0720407378, lourensvd3@gmail.com]
16/12 Arthur Pringle [Emeritus, 0823757381, empringle@webmail.co.za]
19/12 Wynand van Beek [Pietersburg-Moeder, 0832651118, wynievbeek@gmail.com]
20/12 Marina Strydom [Pretoria-Oos, 0848008931, marina@ooskerk.org.za]
21/12 Ernst Endres [Wonderpark, 0827817786, etendres@intekom.co.za]
23/12 Johan Botha [Emeritus, 0764815683, johan@ngmootvallei.co.za]
25/12 Wollie Wolhuter [Emeritus, 0829230761, wolliewolhuter@telkomsa.net]
Cas Jackson [Emeritus, 0833460568, laas-am@law.co.za]
26/12 Nelis Botha [Wespoort, 0828807099, bothacjs@tut.ac.za]
27/12 Jeanri Bezuidenhout [Lynnwood, 0748932836, jeanri.bez@gmail.com]
Emil Haarhoff [Emeritus, 0828501484, emilhaarhoff@gmail.com]
29/12 Leon Tait [Rietfontein-Suid, 0826014235, taitgesin@gmail.com]
31/12 Theunis Coetzee [Wesmoot, 0825685672, dstheuns@live.com]
Johan Crafford [Emeritus, 0824515801, jdcrafford@netactive.co.za]

01/01 Alkmaar Swart [Magalieskruin-Pretoria, 0732660196, alkmaar.swart@telkomsa.net]
Immanuel van Tonder [Lynnwood, 0835406015, immanuelvt@gmail.com]
Snowy Swart [Emeritus, 084 206 2049, snowy.swart@gmail.com]
04/01 Terence Cooke [Vaalwater, 0827759570, cookie@telkomsa.net]
Koos Nel [Haakdoorn, 0825720032, jacobus.nel@nghaakdoorn.co.za]
06/01 Sonet Dippenaar [Raslouw, 0827101586, sonetdippenaar@gmail.com]
Bettie Wagner-Ferreira [Waverley, 0828956062, bettie@3006.co.za]
07/01 Dirk van Zyl [Emeritus, 0840388993, dncvanzyl@gmail.com]
09/01 Madelein Bakker [Hulp en Hoop, 0726051113, mads.strydom@gmail.com]
10/01 Willem Pretorius [Kameeldrif, 0835606668, willem007@me.com]
Awie Buitendag [Emeritus, 0827644535, awieb43@telkomsa.net]
13/01 Nico Haarhoff [Emeritus, 0827879336, nicohaarhoff@absamail.co.za]
14/01 Michiel van der Merwe [Stabilis/Pretoria, 0824623529, mvdm360@gmail.com]
17/01 Tiaan van Niekerk [Rietfontein-Noord, 0845128242, tiaanvanniekerk@gmail.com]
19/01 Fritz Snyman [Universiteitsoord, 0823325781, fritz@universiteitsoord.co.za]
Toon van der Merwe [Emeritus, 0834587880, stefprop@mweb.co.za]
Paul du Toit [Emeritus, 0825771063, padutoit@mweb.co.za]
Fanie Scheepers [Emeritus, 0837881069, dsfanie@gmail.com]
22/01 Braam le Roux [Pretoria, 0834525963, akleroux22@gmail.com]
Pieter Simpson [Emeritus, 082 774 0195, pajs@absamail.co.za]

05/12 Ansie Swart [012-430 4882, mjswart@icon.co.za]
06/12 Alet Viljoen [Ellisras-Wes, 0718801483, cornelmviljoen@gmail.com]
09/12 Susarie van Velden [Bergtuin, 0839557327, enslin.vanvelden@gmail.com]
13/12 Rita Bester [Wierdapark, 012-660 0901, besj59@gmail.com]
15/12 Antoinette Opperman [Kameeldrif, 0823351156, roelf007@gmail.com]
17/12 Johan Botha [Mootvallei, 0791822387, dslandibotha@gmail.com]
Helena de Waal [Daspoort, 012-379 2604, eldugar@gmail.com]
18/12 Janetta van Niekerk [Waterkloof, 012-803 8945, andrevn295@gmail.com]
21/12 Jeané Visser [Wierdapark, 012-653 5766, pieterjvisser@gmail.com]
22/12 Karin Beetge [0832601470, kinggeorge@mweb.co.za]
23/12 Elna Kotzé [Rustenburg-Moeder, 014-592 9976, henniekotze001@gmail.com]
Erna Kritzinger [Wonderboompoort, 012-379 2465, naude.kritzinger@gmail.com]
27/12 Rinel Hugo [Waterkloofrif, 0828225246, gjhugo7@gmail.com]
29/12 Liesbet van der Merwe [Stabilis/Pretoria, 0824623529, mvdm360@gmail.com]
Ronél Steyn [SA Gemeente, 0044-1892 526888, rian@sagemeente.com]
30/12 Michelle Scholtz [Lynnwood, 012-361 4219, erics@mweb.co.za]

04/01 Délia du Plessis [0834469426, pauldupl@gmail.com]
11/01 Suzette Burger [Louis Trichardt, 073 759 0451, dscorne@stadopdieberg.co.za]
13/01 Mariaan van Zittert [jvzittert@gmail.com]
15/01 Vera Viviers [Waterberg, 014-717 4763, aviviers@telkomsa.net]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Springbokvlakte [Gestig: 12/12/1957]
Dendron [Gestig: 21/12/1946]
Blouberg [Gestig: 23/12/1954]
Rustenburg-Moeder [Gestig: 21/01/1850]
Mutare [Gestig: 08/01/1917]
Rietfontein-Suid [Gestig: 08/01/1954]
Doornpoort [Gestig: 13/01/1990]
Cornerstone [Gestig: 16/01/1978]
Brits [Gestig: 22/01/1949]
Wespoort [Gestig: 22/01/1949]
Villieria [Gestig: 22/01/1944]



❖ Rustenburg-Wes

Die Gemeente Rustenburg-Wes is in die proses om een te word met Rustenburg, van wie hulle in 1946 afgestig het. Die laaste amptelike erediens is op 29 November deur Hennie Kotzé en sy dogter, Zelda Massyn, gelei. Beide die sakramente, die doop en die nagmaal, is tydens hierdie historiese geleentheid bedien.

Ander nuus

❖ Bybel-Media

Jaarboek 2021
Plaas bestellings vóór ***15 Desember 2020***. Slegs beperkte voorraad beskikbaar!
* Kliek hier vir **meer inligting**;
* Kliek hier om die **bestelvorm** af te laai.

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Die CLF webtuiste (**www.clf.co.za**) is verbeter met nog meer gratis hulpbronne om jou, kerke, bedieninge en gemeenskappe met Christelike inhoud te ondersteun, toe te rus en van inligting te bedien. Dit sluit in "gereedskapkiste" met allerlei "gereedskap" met die oog op die bediening en die hantering van sosiale kwessies, preke, toerusting van gemeenskappe, oordenkings en veel meer.

❖ Vakatures

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

CMR Noord – Finansiële Bestuurder: Kliek hier vir meer inligting.

Naskrif

Hiermee wens die personeel van die Sinodehuis, ***Hermien, Naomi, Sandra, Johan en Paul*** *al ons lesers 'n geseënde Kersfees toe en mag 2021 'n besonder voorspoedige jaar van vrede, geluk en goeie gesondheid vir ons almal wees.*